

Kies die beste maateenheid

Werk met mm, cm, m en km

Onthou:

$$10 \text{ mm} = 1 \text{ cm}$$

$$100 \text{ cm} = 1 \text{ m}$$

$$1\,000 \text{ m} = 1 \text{ km}$$

Om jou te help: Baie mense se pinkie is ongeveer 1 cm en hulle hand ongeveer 10 cm breed.



1cm



10cm

1 cm

10 cm


A. Sê of jy mm, cm, m of km sou gebruik om die volgende te meet:

1. Die afstand van jou skool tot by Eseltjiesrus
2. Die lengte van 'n donkie se wimper
3. Die breedte van die donkies se kamp
4. Die hoogte van die donasieblikkie
5. Die breedte van 'n donkie se tand
6. Die afstand van Eseltjiesrus na McGregor
7. Die bad wat vir die donkies se water gebruik word
8. Die afstand van die skuling na die verste deel van die kamp
9. Die hoogte van 'n donkie se hoof
10. Die hoogte van die heining rondom die kamp

B. Kies die maateenheid wat die naaste aan die werklike mate is. Trek 'n kringetjie om jou antwoord.

Die hoogte van die donkies se hek is ongeveer:

1. a) 2 m b) 20 m c) 20 mm d) 2 km



Die lengte van 'n donkie se stert is ongeveer:

2. a) 90 mm b) 9 km c) 90 cm d) 90 m

Die donkie inkleurboek by Eseltjiesrus se breedte is ongeveer:

3. a) 3 m b) 30 cm c) 30 mm d) 3 km

Aktiwiteit: Kleur die prentjie in as jy klaar is met die somme

